Tel: 053 0505 986
Sel: 072 140 8634
E-pos: admin@jakkies.com
sport@jakkies.com
skoolhoof@jakkies.com

JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

Piet Retiefstraat
Posbus 107
Jacobsdal
8710

**NUUSBRIEF: 15 (8 - 15 Mei 2026)**

# *SPORT*

**HARTSWATER SPORTDAG**

Net die rugby speel Saterdag, 9 Mei. Die bus vertrek om 06:00 vanaf die skool. Program sal deurgegee word.

**XHARIEP NETBALPROEWE**

Die proewe vir o/12 en o/13 dogters vind nou plaas op Dinsdag, 12 Mei te Edenburg. Die bus vertrek om 08:30 vanaf die skool.

**LETSEMENG NETBAL LIGA**

Alle netbalspanne neem deel aan die liga op Donderdag, 14 Mei te Landboudal. Die program sal op die groepe deurgegee word.

**HOPETOWN LIGA**

Ons wag nog vir Hopetown vir 'n beskikbare datum van wanneer dit sal plaasvind.

**STAATS RUGBY**

Rugby teen Staats vind plaas op Donderdag, 21 Mei. Net die volgende rugbyspanne gaan speel: o/9, o/11 en o/13. Verdere inligting sal deurgegee word.

**LANDLOOP**

Vir kennisname, gee ons die volgende datums aan ouers deur:

| | |
|---|---|
| Dorpsliga | 15 Mei, 22 Mei, 29 Mei, 5 Junie, 24 Julie |
| Distrik SASA Tweekamp Trompsburg | 1 Augustus |
| Vrystaat Kampioenskappe ASA<br>UOVS sportgronde | 15 Augustus |
| Provinsiale SASA Tweekamp Bloemfontein | 29 Augustus |
| Nasionaal SASA Tweekamp KZN | 2-3 Oktober 2026 |

Die leerders wat aan die landloop liga gaan deelneem, het ASA vorms ontvang, wat asb. Maandag, 11 Mei by Lanie ingehandig moet word.

# OUERS

**AFWESIGE LEERDERS EN HUISWERK**

Ouers moet asb. toesien dat leerders wat afwesig was, die werk wat op die groepe geplaas word, voltooi. Die onderwysers doen moeite om die werk aan afwesige leerders deur te gee en verwag dat dit gedoen word.

**HEMELVAARTDIENS**

Ouers word hartlik uitgenooi om ons hemelvaartdiens, wat gelei gaan word deur Minus 5, op Donderdag, 14 Mei om 07:30 in die skoolsaal by te woon.

## LEERDERS

**FOTODAG**

Fotodag 1 vind plaas op Maandag, 1 Junie. Aangeheg aan hierdie nuusbrief is 'n lys van foto's wat geneem sal word. Bestellings van individuele foto's kan geplaas word.
Sluitingsdatum vir bestellings is Vrydag, 29 Mei.
Al die foto's word op 'n A4 (20x38cm) gedruk en die besonderhede is as volg:

- 1x Vergroting (15x22cm)
- 2x Jumbo's (10x15cm)
- 4x ID foto's
- Boekmerk met foto en wapen.

Koste is R100 vir die hele pakket.
Maak gebruik van die bestelvorm en EFT in die skool se rekening.

**Jacobsdal Primêre Skool**

**Bankbesonderhede:**

**Bank: FNB**

**Rek.no: 525 6134 7174**

**Verwysing: Kind se naam en FOTO**

**GR 5 KOEKIEVERKOPING**

Baie geluk aan die gr 5-klas wat 'n pragtige bedrag van R5164-00 ingesamel het met hulle koekieverkoping. Dankie aan elke ouer wat kontant of lekkernye gebring het.

……………………...
T.E. MOSTERT

***GEBEDSLYS:***

Marlene Groenewald (ma oorlede)

/

-*/


Hemelvaart
Donderdag, 14 Mei 2026
Jesus laat ons nie
met leë hande agter nie.


Geseënde
Moedersdag
Sondag, 10 Mei 2026
Dankie vir alles wat
julle vir ons doen.

# FOTODAG 1: Datum: 1 Junie 2026

| OMSKRYWING: | PERSOON/E |
|---|---|
| **Personeel - skool**<br>Onderrig en admin | Personeel |
| **Personeel - Koshuis** | Personeel |
| **Terreinwerkers** | Personeel |

INDIVIDUELE FOTO'S (Begin by gr R)

KLASFOTO'S (grR-7 & JOS) saam met klasonderwysers

BEHEERLIGGAAMLEDE (Tyd sal deurgegee word)

SKOOLLEIERS – Juf. Tersia

HOOFLEIERS – Juf. Tersia

KOSHUISLEIERS - Koshuisouers

KOSHUIS HOOFLEIERS - Koshuisouers

MEDIALEIERS – Engela Strydom

| Merk met X | OMSKRYWING: | PERSOON/E | KLEREDRAG |
|---|---|---|---|
| | **RUGBY:** | | **0/13A Eerstespan-drag**<br>Ander:<br>**Jakkie swart**<br>PT-broek.<br>Truie word voorsien. |
| | Rugby Pienkvoete | McConnen, Basie, Charl | |
| | Rugby 0/8 | Martin & Clint | |
| | Rugby 0/9 | Hendri, Nici, Danie | |
| | Rugby 0/11A en B | Jaco & Fanie | |
| | Rugby 0/13A | Danie, Martin & Scott | |
| | **NETBAL:** | | GrR – o/13 Netbaldrag en tekkies.<br>o/13A Eerstespan-rokkies met wit netbalsokkies en tekkies. |
| | Graad R | Ninke | |
| | Netbal 0/7 A & B | Annemarie, Marlise, Marisan | |
| | Netbal 0/8 | Louise | |
| | Netbal 0/9A en B | Karla & Sweetness | |
| | Netbal 0/10A en B | Linette & Ronel | |
| | Netbal 0/11A & B | Saricé & Janine | |
| | Netbal 0/12A & 0/13B | Drini, Naomi & Jolene | |
| | Netbal 0/13A | Madeleine, Tharina | |
| | **ATLETIEK:** | Slegs die spanne alleen | Sportklere |
| | Sone Atletiekspan<br>Motheo/Xhariepspan<br>Vrystaat kampioenskappe | | |
| | **TWEEKAMP:** | Tharina | Sportklere |
| | Tweekamp:<br>(Skooldeelname)<br>Tweekamp: SA's | | |
| | **SWEM:** | | Sportklere |
| | Inter-Primêr<br>4 in 1 gala | | |




# BESTELVORM:

**INDIVIDUELE FOTOPAKKET/TE**
**R100 PER PAKKET**

| Naam van leerder: (Slegs een kind op foto) | Gr: | Aantal pakkette: | BEDRAG: |
|---|---|---|---|
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| Name van leerders: (Meer as een kind op foto) | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |

TOTALE BEDRAG INGESLUIT: R _______

OUER SE NAAM EN VAN:

HANDTEKENING: